

'n Ou Begin

RONÉL McKNIGHT

Bibliotekaris, Piketberg Biblioteek

Judith Meiring is in haar veertigerjare, getroud met 'n ingenieur, Gerrit en het drie kinders. Hulle woon in die stad en sy het haar beroep as kombuisontwerper prysgegee om haar kinders groot te maak.

Gerrit is as gevolg van sy werk soms lang tye van die huis af weg en is nou weer in die Persiese Golf besig met werk. Judith besluit om haar 'kop skoon te kry', los haar kinders by die huis in die sorg van hulle twee oumas, en val in die pad met haar motor. Nadat haar motor probleme gee langs die pad, beland sy op 'n klein Karoo-dorpie waar sy genoodsaak word om oor te bly terwyl haar motor herstel word. Sy kry verblyf by 'n gastehuis waar sy privaat in haar eie klein huisie woon. Terwyl sy wag dat haar motor herstel word, ontmoet sy baie mense van die dorp en raak onwillekeurig betrokke by hulle wel en wee.

Karakters

Judith: Judith is die hoofkarakter en dit is deur haar gevoelens, waarnemings en gedagtes dat die verhaal vertel word. Sy het as enigste kind van haar ouers grootgeword en het nie herinneringe van 'n baie hegte gesin nie. Sy onthou haar pa as oud, met 'n uitgebreide algemene kennis aangesien hy sy tyd verwyd het deur ensiklopedieë te lees. Hy was later van tyd 'n parapleeg en is deur haar ma verpleeg. Haar koms was vir haar ouers 'n groot verrassing aangesien hulle nie gedink het dat daar kinders sou wees nie.

Sy ontmoet Gerrit, haar man, wanneer sy vir die ontwerp van 'n vriend se kombuis gaan kwoteer. Uit die huwelik word drie kinders gebore en Judith besluit om haar beroep eers prys te gee om die kinders groot te maak. Omdat Gerrit egter baie van die huis af weg is as gevolg van sy werk, moet sy baie van die probleme alleen oplos. Dit veroorsaak baie frustrasie en veral wanneer Gerrit by sy tuis-koms gedurig fout vind, voel dit soos 'n vulkaan wat wil uitbars binne haar.

Hierdie gevoel van verwaarlosing lei daartoe dat Gerrit die huis verlaat. Hoewel hulle uit mekaar is, is hulle nie amptelik geskei nie. Judith se kinders is baie lief vir hulle pa en wil ook nie hê dat hulle ouers moet skei nie. Judith, aan die ander kant, is baie lief vir haar kinders en al is hulle al groot, baie besorg. Sy bel gereeld huis toe om te hoor hoe dit met hulle gaan. Aanvanklik maak sy haarself wys dat dit net haar plig is. Sy dink egter na oor die 'moedergeen' wat die gevoel by 'n vrou laat om te versorg en oor ander, veral jou kinders, meer te kwel as oor jouself.

Op die Karoo-dorpie wil sy haar eers distansieer van die mense en hulle doen en late en vertel ook dadelik dat sy nie lank gaan vertoef nie, maar net wag dat haar motor herstel word. Sy vertel ook so min moontlik van haarself en die doel van haar reis. Wanneer sy hoor van Gys die motordief, raak sy ontsteld dat die mense in die dorp van sy verlede weet en dit maar net so aanvaar. By haarself dink sy dat sy bly is dat sy nie lank hier hoef oor te staan nie. Sonder dat sy wil, word sy tog ingetrek by die mense van die dorp.



Susanna vra of sy nie wil help met die versorging van oom Herklaas, wie se vrou onlangs dood is nie, maar Judith wil nie. Sy sê aan Susanna: 'Dis die doel van my reis, ek wil los bly.' Toe Judith by Susanna wil weet wat sy daarmee bedoel dat sy, Judith, herstel nodig het, antwoord Susanna: 'Jou oë verklap alles. Maar toe maar, jy is nie alleen nie, dit is waarom die meeste van ons hier is.' Judith ontken egter heftig dat daar

enige fout met haar is. Sy sou egter later agterkom wat Susanna bedoel met '...dit is waarom die meeste van ons hier is.'

Nadat sy egter per toeval by oom Herklaas se huis beland, op soek na die werktuigkundige, besef sy dat sy die ou man nie so alleen aan sy eie lot kan oorlaat nie. Oom Herklaas laat dink Judith aan haar pa en hy word haar verantwoordelikheid.

Judith raak egter later ook by ander mense in die dorp betrokke, omdat sy na hulle stories luister. Sy besef sy hou van die rustigheid van die dorpie, en dat sy dalk vir die naweek kan oorbly. Die verantwoordelikhede waarvan sy wou weggom, raak egter gou weer deel van Judith se lewe, en sy besef dit is die 'moedergeen': sy moet altyd versorg.

Namate sy na ander se stories luister, word sy ook by hulle probleme ingetrek. Judith kry egter ook duidelikheid oor haarself en haar omstandighede. Paul se opmerking: 'Kombuise en mense laat hulle nie orden nie', laat Judith dink of dit nie is wat sy probeer doen het nie. 'Ek wil weggom, kyk wie ek is as ek nie 'n ma en vrou is nie.' Die kinders het haar minder nodig gehad namate hulle groter en ouer geword het. Sy, Judith, het meer ruimte vir haarself nodig. Dit is nuwe insigte waar toe Judith kom terwyl sy op die Karoo-dorpie vertoef.

Sy begin wonder wat Gerrit doen, hulle bel mekaar ook gereeld. Sy sê dan ook dat hulle meer betrokke by mekaar is as baie getroude mense. Die alleenheid begin haar vang en sy verlang na Gerrit se teenwoordigheid. Sy begin vir hom 'n trui brei. Judith kry dus sekerheid dat sy nie wil skei nie. Sy besef daar is nog baie wat sy en Gerrit moet uitpraat, oor die kinders se toekoms, maar ook hulle eie. Sy wil sê dat sy jammer is oor haar onredelikheid en beneuktheid en hom vra of hy nie asseblief wil terugkom nie. Hoewel Judith dus nie teenoor Paul wil erken dat sy wel wyser geraak het en tot ander insigte gekom het nie, moet sy dit teenoor haarself erken. Sy besef dat natuurlike, eenvoudige en noodsaaklike dinge soos skottelgoedwas, ook belangrik is.

As karakter het Judith dus ontwikkel. Volgens oom Herklaas is 'Judith' een van die apokriewe boeke van die Bybel. Sy was 'n dapper vrou wat haar mense probeer red het. Paul wys haar weer daarop dat Sint Jude, soos Gerrit haar graag noem, die beskermheer van verlore sake is.

Judith is die een wat oom Herklaas kry nadat hy sterf. Sy besef sy is

die enigste een in die dorp wat werklik sy geheime geken het. Dat Nannie die een is vir wie hy altyd nog lief was en die een is na wie hy verlang het. Judith besef egter ook dat sy nou in die pad is en dat dit tyd is om te gaan. Judith voel sy het haar kant gebring om dinge op die dorp te verbeter.

Maria: Sy is die eienaar van die gastehuis. Haar kinders het haar verstoot: die seun het by 'n sekte aangesluit in die Himalyas en haar dogter woon in Australië. Haar eerste huwelik het op die rotse beland nadat haar eerste kind, 'n seuntjie, in sy pa se sorg van 'n sleepwa afgeval het en dood is. Sy het hom uit die huis uit baklei. Nadat hy in 'n motorongeluk sterf, erf sy die plaas. Sy trou weer, maar ook dié man sterf vroeg, en sy moet die kinders alleen grootmaak. Susanna voel bitter teenoor mans, want, volgens haar 'soek hulle net een ding en as hulle dit gekry het, is jy gister se afwaswater'. Sy erken egter ook dat vroue nie sonder hulle kan klaarkom nie.

Susanna: Sy is die eienaar van 'n snuisterywinkel, kweek kruie en maak droomvangers. Sy is ook die een wat primêr verantwoordelik is vir oom Herklaas se versorging. Ook sy het 'n negatiewe ervaring van mans nadat sy met haar kinders van haar man wegvlug en sy net deur hom gebruik is.

Trixie: Trixie is die haarkapster op die dorp en getroud met Gys, die motordief. Ook sy het 'n negatiewe houding jeens mans: '... sy knyp haar lip op 'n bitter wysé en sê net: "Mans." Judith wonder of sy weet van Gys se verhouding met Maria.

Dina: Judith ontmoet haar toevallig toe sy een dag in die straat afloop en haar twee seuntjies staan by die hek en sê hulle is honger. Hulle ma het 'n baba gehad en lê in die bed. Hulle pa werk in die pas en kan nie nou huis toe kom nie.

Paul: Paul woon in 'n veelkleurige huis in die dorp en dra by tye kaftans. Al sy tyd bestee hy in sy pragtige tuin. Hy is 'n eks-makelaar wat uit die stad padgegee het nadat sy vrou in 'n kaping vermoor is. Hoewel hy nie vir haar lief was nie, besluit hy om sy geld en rykmanslewe agter te laat en na die sin van die lewe op die platteland te gaan soek. Hy en Judith kom goed oor die weg en geniet mekaar se geselskap. Judith is egter glad nie beïndruk met sy kunstenaarsvriende nie. Sy som hulle op as '...nie genoeg luisteraars. Net praters...' Hulle is 'n klomp egoïste wat almal gelyk praat en baie belangrik is. Paul probeer voortdurend by Judith uitvind wat sy kom soek het en of sy tot nuwe insigte gekom het. Hoewel Judith dit nie teenoor hom wou erken nie, laat dit haar tog dink.

Oom Herklaas: Hy was getroud met Sus wat hom ontval het. Terwyl hy vir die res van die dorpsmense as deurmekaar voorkom, makeer sy verstand niks. Hy kom gou agter Judith is nie Sus nie en dat sy van dinge weet waarin Sus nooit belang gestel het nie. Judith is dan ook die enigste een aan wie hy van Nannie, sy jeugliefde met wie hy sou trou, vertel. Hy verlang na haar en droom dat hy langs háár begrawe word, nie Sus nie. Niemand anders weet hiervan nie.

Roux: Roux is 'n jong geoloog wat ook bevriend raak met Judith. Hy wil hom ook nou op die Karoo-dorpie kom vestig en vertel vir Judith sy verhaal wat hom aan die dorpie bind.

Omdat Judith graag luister, vind sy uit dat die mense wat sy hier leer ken, almal 'n storie het om te vertel. 'n Verlede wat elkeen op die dorpie laat beland het.

Voormoeder Hannie se briewe

Voor haar vertrek na die platteland, gee Judith se ma aan haar 'n boks briewe van haar voormoeder Hannie wat om en by 1875 begin skryf is. Sy het die briewe gelees en oral aantekeninge gemaak en

papiertjies ingesit. Soos sy sê: '...dit moet in die regte volgorde gelees word. Daar is 'n begin en 'n einde aan Hannie se storie. Dis 'n lewe wat vertel word.' Judith besef dus daar is iets waardevols omtrent die briewe. Om haar tyd te verwyf, begin Judith die briewe lees en vergelyk onwillekeurig haar lewe met dié van voormoeder Hannie.

Die eerste brief is op 19-jarige ouderdom in 1875 deur Hannie aan haar niggie geskryf. Judith besef dat Hannie geen maklike taak gehad het nie, aangesien sy die oudste van 'n groot gesin was, moes sy baie van die versorging van die gesin op haar neem. Op daardie ouderdom het Judith reeds gewerk en haar eie geld verdien.

Judith leer ken Hannie as blymoedige mens wat baie swaar en hartseer in haar lewe gehad het. Van die begin af blyk dit dat Hannie se gesondheid nie goed is nie, maar ook daarvoor bly sy positief.

Die laaste brief wat Hannie lees, is van Hannie se ma gedateer 29 Julie 1902. Hierin vertel sy van Hannie se dood op 46 jaar aan haar hart. Weereens met hoeveel waardigheid sy afskeid geneem het.

Ons kan aflei dat voormoeder Hannie se briewe waarin sy haar gevoelens beskryf, hoe sy dinge verwerk het, 'n invloed op Judith se lewe gehad het. Dat dit haar gehelp het om op haar eie lewe perspektief te kry.

Na oom Herklaas se dood voel Judith daar is nou te veel dooies en sy gryp sommer weer een van die briewe uit die boks. Die brief is geskryf deur 'n tante wat Hannie se ma bygestaan het met Hannie se geboorte. Sy vertel van Hannie se geboorte. Dit troos Judith dat Hannie gebore is, daar was dus nie net 'n einde nie. Sy noem dit 'n ou begin, maar onteenseglik 'n begin. Sy kan vir die res van haar lewe die briewe lees en alles sal weer voor begin en eindig. Al is almal nou reeds dood, maar hulle hét gelewe en elkeen kan iets daaruit leer. Judith besef ook dat ons vandag nie meer briewe skryf nie, wat gaan ons kinders en kleinkinders eendag van ons weet? Wat laat ons vir hulle na? Briewe is dus 'n belangrike deel van ons verlede.

Bogenoemde briewe is nie fiksie nie, maar bestaan werklik en is onder die redaksie van Emma Horn uitgegee. Die briewe kom uit haar familie en is 'n klompie jare gelede vir die Louw en Murray families gebundel onder die titel **Most precious Mama: letters from the Victorian Karoo written by Mimie Louw (1856-1902).**

Samevatting

Daar kan saamgestem word dat 'n **Ou begin** meer is as bloot 'n ontspanningsverhaal. Die hoofkarakter gaan nie net fisies op reis nie, maar ook op 'n reis van selfontdekking. Sy besef die belangrikheid wat voorgeslagte, haar man en kinders in haar lewe speel. Al kom die dood heelwat in die verhaal voor, word altyd geïmpliseer dat dit 'n beweging na 'n geliefde/geliefdes is.

Die briewe van voormoeder Hannie speel definitief 'n belangrike rol in hierdie reis na selfontdekking. Behalwe vir interessante inligting wat gegee word oor die lewenswyses van honderd jaar gelede, dra dit ook die boodskap oor dat swaarkry nie mense uitmekaar laat skeur het nie, maar eerder nader aan mekaar gebring het. Die verlede van die voorgeslagte interesseer die vroue die meeste: Judith se ma het dit aan Judith gegee om te lees en Judith se dogter, Deirdre, wil dit ook graag lees.

Daar kan seker nie nagelaat word dat mans 'n bepaalde rol in die boek speel nie. Daar word veral klem gelê op die onbedagsame en veeleisende optrede van sommige mans binne 'n verhouding.

Vrou-wees in ons tyd word beskryf en deur Judith se herinnering en indrukke herken lesers ook hulle eie lief en leed.